VERLENGDE INPERKING
HERDERSBRIEWE DEEL 2

23 JUNIE 2020
HERDERSBRIEF #29B

Geliefde gemeente,

Die Here onse God is 'n Enige Here – ***Jes. 44:10-23***. Daar is niemand soos Hy nie. Hy is die Enigste en Waaragtige God.

Sy riglyne is uitgespel en duidelik aangedui, wat die oorwinning en betekenis, van ons lewe en ons toekoms bepaal.

- Die kaart wat Hy aan ons voorgehou het.
- Die vuur waarin ons gedoop is, en waarmee ons toegerus is.
- Sy swaard – enig in sy soort; **DIE SWAARD VAN DIE GEES**.
- Die sleutels wat Hy aan ons toegesê het, en toebedeel het – waarmee ons kan oopsluit en waarmee ons kan toesluit.
- Die geheime strategie – raamwerk beginsel; wat aan elkeen afsonderlik toevertrou is, as 'n raamwerk beginsel – afsonderlik en eiesoortig aan elkeen van ons – **"the hidden secret"** – ***Hoogl. 2:14 (Engelse vertaling; Scofield KJV bybel).***

Hierdie vyf riglyne, wat in elkeen van ons 'n waarheid is, wat ontbind moet word, om sodoende betekenis aan ons lewe te kan verleen. Dit maak ons lewe sinvol en dit is nie bedoel, om ons eie toekoms daarmee en/of daardeur te verryk nie. Dit is 'n toekoms wat alleenlik die ewigheid bepaal. Die doel waarom God ons laat lewe het, moet gedien word.

Die vleeswording van Christus, is die amptelike aankondiging van bogenoemde. En is ook die bevestiging en die gewaarmerkte ***kontrak***, wat deur die bloed van Jesus Christus geteken is. 'n Kontrak wat demonstratief is, en as gevolg waarvan – oor 'n tydperk van 33 jaar – **DIE DUISTERNIS UITGEKLEE HET**. Dit maak van elkeen van ons, 'n gedugte verteenwoordiger van God, wat in die tydsdimensie geroep is, om in oorwinning te lewe. Die vleeswording van Christus is die **"TETELESTAI"** wat oor elkeen van ons uitgeroep is.

Dit is as 'n **soutverbond** die waarborg wat die ewigheid bepaal en insluit. Jesus Christus is God se soutverbond, aan ons en met ons – asook 'n verbond met die heelal; wat alle magte en kragte in die heelal onderworpe stel, aan **SY GESAG**.

Daarom is dit noodsaaklik dat ons *optrede*, *toetrede* en *aftrede* juis dít insluit, wat ons sal demonstreer – naamlik ons *"ja"* is ons *"ja"* en ons *"nee"* is ons *"nee".* Ons sê nie **"JA"** en doen **"NEE"** nie. Hierdie waarheid ontbind lojaliteit en begrip – d.w.s. om te verstaan – ***1 Joh. 5:20*****.**

Die **soutverbond** is nie seisoenaal nie. Dit is 'n leuen wat in kerk-geledere, met alle mag en krag teëgestaan word. Ek is nie net binne 'n seisoen vasgevang nie. Ek is deel van die ewigheid – daarom word daar na die seuns, as **"MÔRESTERRE"** verwys – ***Job 38:7***.

Seëngroete,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335